

'N NUWE SKOOLJAAR

My naam is Lua Verwey. Ek's nie soos enige ander meisie wat ek of jy ken nie.

As daar nou een ding is wat jy van my moet weet, is dit dat ek die slimste in ons huis is. Die een (ook al een) wat gelukkig meer as twee breinselle by my ouers geërf het.

En die een wat eerder tyd op haar J-board spendeer as voor 'n spieël, die TV of in 'n mall.

Of oukei, daar's eintlik twee dinge wat jy van my



moet weet: Ek's ook allergies vir seuns. Wat nogal vreemd is, aangesien ek net boeties het.

Maar seuns is simpel. Supersimpel.

Gelukkig is ek die oudste kind in ons huis. Dit help in noodgevalle, soos wanneer Ma vra wie die laaste hoenderboudjie wil hê.

Ons huis is soos sommige ander huise – 'n malhuis. Maar meeste dae is dit hier net meer mal en minder huis. Soms gaan dit net wilder as die wildtuin.

Vat byvoorbeeld vandag. Die vakansie is vandag amptelik verby en ek was vir drie sekondes bly daaroor. Sien jy, ek klink nou ook nogal mal en of ek hier hoort. Maar het jou oupa en ouma al ooit so lank gekuier dat jy begin wens hulle wil ry?

Myne het. Hulle het vier weke lank gekuier. Té lank. Drie weke en ses dae te lank.

My oupa en ouma is oukei – as hulle net een-een op 'n slag wil kom kuier. Maar vet kans dat dit ooit sal gebeur.

2

Ouma vergeet healtyd om haar valstande in haar mond te hou. Sy vra my ook tien keer op 'n dag dieselfde vraag, oor en oor en oor. Met haar pap mond.



“Wat doen jy, Lua’tjie?”

“Niks nie, Ouma.”

Ma sê Ouma is doof, maar ek dink Ouma dink ek jok. Ouma dink my antwoord gaan verander na die tienmiljoenste keer dat sy dit vra.

En ek jok nooit!

Behalwe as dit lewensgevaarlik is en die

waarheid die einde van die wêreld, soos ek dit ken, beteken – dan sal ek miskien jok.

Oupa, op sy beurt, vergeet altyd my naam. Hy noem my somer Stokkies.

“Stokkies, gaan maak ’n bietjie vir Oupa koffie.”

“Stokkies, gooi vir Oupa koeldrank in.”

“Kom verander gou die TV se kanaal vir Oupa, Stokkies.”

Stokkies se dinges!

Ma sê dis omdat ek so maer is. Maar hoe sal Oupa voel as ek hom oupa Olifant noem? Of oupa Vettie?



Die boeties se name is ook vir Oupa moeilik, maar ek blameer hom glad nie. Ek meen, ek het drie. Boeties, nie oupas nie.

Voordat ek gebore is, het my ouers nie 'n TV gehad nie. Hulle het wel baie tyd gehad om briewe vir die ooievaar te skryf om kinders te bestel.

Ek dink hoeka een van my boeties het, met die vlug in die voël se bek hierheen, uitgeval. Want dit verklaar baie.

Ek het nie gesê hy't op sy kop geval nie, maar as dit is wat jy dink, gaan ek jou nie keer nie.

Boetie nr. 1: Ewan is hierdie jaar in graad vier. Oupa meng en mors nooit sy naam nie. Dalk omdat hy Oupa se name het: Ewan Ludwig Verwey. Hy bly Ewan of meestal Ewan-tjie.



Dis net die twee simpel monsters wie se name Oupa soms (meer soos in altyd) meng.

Ag, oukei. Hulle is nie rêrig monsters nie. Net simpel. En superirriterend. Wildewragtigs reguit uit die wildtuin.

Hulle verskil tien maande en is albei hierdie jaar in graad een.



Boetie nr. 2: Henrè is die oudste van die twee.

Sy è = ie.

So Henrè = Henrie.

Hy's al sewe.

Boetie nr. 3:

Janré is die jongste.

Hy's nou ses.

Sy é = y.

So Janré = Janry.

Soos in Jan ry. Waarheen?

Sê hy moet asseblief brood saambring. LOL.

(NB: Ma haat hierdie grappie.)




Ek kan soort van verstaan hoekom Oupa hulle name meng. Oupa noem Henrè meestal Henry en Janré meestal Janrie. Dis genoeg om enigiemand deurmekaar te kry.

Ouma vermy dié besigheid totaal en al. Sy noem hulle somer Hennie en Jannie.

Ek noem hulle somer Simpel 1 en Simpel 2. Maar net as Ma nie in die omtrek is nie.

Die twee oumense (my oupa en ouma, nie my boeties nie) moes tydens die vakansie in my kamer bly. Toe moes ek natuurlik op die bank slaap. Dit was superongemaklik.



Oupa en Ouma se rûe en heupe is oud en lankal stukkend. My rug en heupe moet my nog baie jare hou. So hoekom moet dit nou juis ek wees wat op die bank slaap?

Gelukkig is Oupa en Ouma albei al vroegoggend vort – op die bus terug na die land van slapende fossiele.

Een nadeel (daar's eintlik baie) van om in dié malhuis groot te word is . . . my aandag word maklik afgelei.

Waar was ek nou weer?

O ja. Vandag is die eerste dag van skool. 'n Nuwe skooljaar. En dis weer een van daai dae by die Verweys.

“Lua!”

Ma gil vanuit haar kamer soos 'n mal vrou. Iets waarvoor ek haar ook nie kan kwalik neem nie – net mal mense kry so baie kinders.

“Is jou boeties al wakker?”

Toe hoor ek haar badkamer toe hardloop en iets in die toilet afgorrel.

Ek dink sy kon self gaan kyk het of die boeties op is. Haar bene makeer mos niks! Dit sou haar in elk geval net so lank gevat het soos om dit vir my te skree.

Ek's besig om my hare uit te kam. Ek wil nog gaan pap eet en my tande borsel. EN ek moet 'n skoolrok soek wat lyk of dit darem halfpad deur 'n strykyster geklap is.

Maar nee, EK moet gaan kyk of die boeties wakker is. Gmf!

Ma het net voor sy bevele begin skree het, tuisgekome. Sy gaan klim altyd, daai tyd, vroegoggend in die bed. Maar nie vandag nie. Vandag moet sy ons kinders skool toe vat.



Skoolkar in die oggende is eintlik Pa se werk. Maar niemand weet waar Pa vanoggend is nie.

Hy het donsvordag die oumense vir die bus-stop gaan teruggee, toe die kar teruggebring huis toe en soos mis voor die son op sy motorfiets verdwyn.

Het hy dalk weer vandag saam met 'n pel gaan visvang? Dis mos deesdae Pa se stokperdjie. Dit en gholf.

Pa sal ook enigiets uitdink om van hierdie malhuis af weg te kom.

“Ja, Ma!” skree ek terug, nog voor ek rêrig gaan kyk het of die boeties op is.

Minute later gaan maak ek wel seker, anders is dit om die een of ander duistere rede weer my skuld.

Ewan is darem al op. Hy sit by die tafel en gaap.

Janré kerm van die toilet af: “Hoekom moet ons skool toe gaan?”

Dis nog net Henrè wat slaap.



“Opstaan, opstaan, slaapkous,” fluister ek kamtig liefies.

’n Mens moet eintlik vir Henrè so lank moontlik laat slaap. Dis al wanneer hy stilbly.

“Ek haat skool,” kom dit weer van die toilet se kant af.

Duidelik weet Janré iets wat my amper ses jaar lank gevat het om agter te kom – skool suck!

Ek skud weer aan boetie nr. 2. “Henrè, dis opstaantyd. Die skool begin vandag. Toe, kom nou.”

Henrè weier volstrek om op te staan. Moontlik was die vakansie vir hom ook te lank. Ek probeer hom verniet oorreed sy eerste dag in die groot skool sal pret wees. Ons almal weet hy's 'n weirdo.

Die kans is zero dat Henrè 'n nuwe maatjie sal maak. Of dat sy juffrou van hom sal hou. Selfs ek sukkel nog daarmee. Dis net Ma en Pa wat daai kind kan liefhê.

Henrè se gunstelingstokperdjies is om my óf met snotbolle te smeer óf om my arm te lek.



En beide is amper ewe erg.

Sy gunstelingsport is eet en om só hard te sing dat 'n mens sy kleintongetjie kan sien tril.

Hy hou ook vreeslik baie van groen. So baie, dat hy meestal wanneer ons ver ry, Ma se kar binne na groen of blou of pienk verander. Die kleur hang af van wat hy geëet het voor ons gery het.

“Staan nou op, Henrè! Of ek los jou vandag net hier! Alleen!” skree Ma, dié keer vanuit haar badkamer. Sy moes haar ultrasoniese ore gebruik het. Hoe anders het sy geweet Henrè slaap nog? “En hoekom gebeur ALLES altyd wanneer julle pa nie hier is nie? Lua, bring vir my die naar-medisynel”

Ma kan vreeslik oordryf. “Alles” wat nog gebeur het, in hierdie geval, was Ma se vinger wat sy vanoggend met die intrapslag in die agterdeur vasgeslaan het. Dis wat my natuurlik wakker gemaak het.

En is Ma regtig naar of wou sy net in die badkamer wegkruip? Ek wonder.

Op pad skool toe hou my boeties ’n kompetisie oor wie die meeste kan raas. Henrè wen loshande. Hy sing ’n duet saam met die ou op die

radio. Vals natuurlik. En selfs Ouma, in die bus op pad na die land van die slapende fossiele, sal elke woord daarvan kan hoor.



Ewan lag soos iets wat vasgehaak het. Dit klink of hy familie is van 'n hiëna.

Janré dink hy's 'n beatbox, maar al wat hy met sy lippe regkry, is om die hele kar met spoeg te besproei.

Ek sit voor langs Ma met my hande op my ore. Ek hoop net daar spat nie te veel spoeg in

my rigting nie (net vir ingeval simpelgeit aansteeklik is).

Ma is al 'n pro daarin om ons te ignoreer. En sy doen dit, so met 'n bleek gesig.

Ons is net-net (haarbreedte) betyds vir skool. Nat en doof, maar ons is darem betyds.

Tydens saalopening sing ons die vervelige skoollied en daarna word ons in klasse verdeel. Toe eers begin ek wens dis nog vakansie.

Ons skool kort 'n boks vir klagtes. Rêrig! 'n Regte, egte boks waarin 'n mens briefjies met klagtes kan gooi. 'n Boks in die kantoor reg langs die tannie met die alien-bril.



'n Groot klagteboks wat ernstig opgeneem moet word deur elke onderwyser, die skoolhoof en sommer die president ook.

EN die nuwe sekretaresse-tannie met die alien-bril.

Daar's reeds 'n paar dinge waaroor ek vandag wil kla.

(NB: Ons het eintlik ook so 'n boks by die huis nodig.)

Klagte nr. 1: Hoekom kan ek nie 'n graad skip nie? Ek dink ek's slim genoeg. Die kinders in my klas is dom en superirriterend.

Ja, oukei. Graad ses is dalk cooler as graad vyf, maar graad sewe sal nóg cooler wees. Dan sal ek nie oor die volgende goed hoef te kla nie.

Klagte nr. 2: Hoekom is al die simpel seuns in my klas?

Bryan Pardoux, Craig Human en Bakoor Botha.

Oukei, sy naam is nie rêrig Bakoor nie, dis Werner. Maar as hy my kind was, sou ek sy ore

met gom teen sy kop vasgeplak het. Dis onmoontlik om juffrou Brommer verby hom raak te sien. Sy ore bly heelyd in die pad. Dis soos om by die huis TV te probeer kyk terwyl my boeties voor my op hulle groot balle rondhop. Semi-onmoontlik!



En nee, juffrou Brommer se van is nie rêrig Brommer nie, maar dis hoe sy klink wanneer sy praat.

“Baie (brom) welkom (brom) by graad 6D (brom).”

Haar van is eintlik Brümmer. So met twee kolletjies op die u. Asof sy naastenby so cool is.

Sy't'n vierkantige brilletjie, 'n Chinese bob, en koop haar klere by dieselfde plek as Ouma – Negentien Toet Fashions. Dis soos in glad nie cool nie.

Cool, cooler en coolste is ook my en Lily se nuwe woorde vir hierdie jaar. Wat my by my volgende klagte bring:

Klagte nr. 3: Hoekom is ek en my beste pel nie in dieselfde klas nie?

As ons dit vroeër geweet het, sou ons woorde soos vrot, vrotter en vrotste gekies het om hierdie jaar te beskryf.

Maar dit was laas jaar se woorde, toe ons nog klein en dom was. En daai jaar was super-aaklig.

Maar nou is ons groot en slim. En natuurlik baie cool.

Ek en Lily is al van kleins af maats. Al vandat ons vier jaar oud was en toe Lily my by juffrou

Geertsema, ons kleuterskoolhoof, gaan verklik het.


Ek wou nie saam met haar speel nie. Daarna, ná die geklik, het ek nie 'n keuse gehad nie.

Gelukkig is ek en Lily steeds pelle, want nou is Lily cooler as ekke. Of dalk was sy nog altyd? Dis moontlik die rede waarom juffrou Geertsema daai dag haar kant gekies het.

Deesdae is Lily ook die coolste meisie in ons skool, en sonder haar is ek eintlik totaal en al onsigbaar.

O ja.

Ek sit heel agter in juffrou Brommer se klas. Dis waar ek my grappiesboek, wat ek onder my tafel wegsteek, ongestoord kan lees. En waar ek sketse vir my eie comic-boek maak. #Skatergirl



Ons ruil nooit die eerste dag van 'n nuwe skooljaar klasse nie.

So teen die tyd dat die skoolklok vir pouse lui, het ek my tong al amper meer as vyftig keer afgebyt om te keer dat ek nie hardop lag nie. Juffrou Brommer kan net wens sy is so snaaks.



Almal het reeds hulle boeke weggepak en is besig om by die klas uit te beweeg. Ek kyk nog verward rond, want behalwe vir Bakoor se ore,

kry ek nie vir juffrou Brommer te siene nie, en ek het nie behoorlik na haar geluister nie.

Amper soos wanneer Ma met my praat.
Brom, brom, brom.

Ná skool sit ek in my kamer en wonder of ek my nuwe skoolboeke met enige kleur papier mag oortrek? Sommige onderwysers het mos sulke simpel reëls: net bruinpapier. Dis super-doeper-simpel!

Amper so simpel soos om na Ewan se gesteun en -kreun te luister. Hy kla, in die kamer langs myne, oor sy maag wat pyn. Skool het nog skaars begin en hy probeer al siek speel – dis baie vreemd. Wat gaan hy die res van die jaar uitdink?

Ek wil liever nie daaraan dink nie. Seuns is regtig super-doeper-simpel. Ek en Lily (of eintlik net Lily) het hierdie jaar besluit om pouses op die pawiljoen te gaan sit. Lily sê sy sal van daar af, op die pawiljoen se heel boonste trap, die seuns

kan dophou. Duidelik is daar cooler ouens in haar klas. Ek kry genoeg van die spul in my klas te sien dat dit my sal kan hou tot ek twintig is. Ek's nie regtig lus om my pouses ook nog daarop te mors nie.

“Seriously, Henk is die coolste ou ooit,” oordryf Lily gewoonlik.



Henk-ke-Penk is alles behalwe cool (nie cool nie, glad nie cool nie, so ver van cool af soos kan kom), maar ek sê dit nie vir Lily nie. Hopelik sal sy dit binnekort agterkom. Vet kans. Lily is 'n natuurlike blondine.

Henk is ook in my klas. As hy nie kliphard in die klas burp nie, poep hy met sy arms. Dan volg al die seuns hom.



Maar party van hulle (ek gaan nie name noem nie), die simpel seuns, poep met meer as net hulle arms. En dis erger as stinkbomme.